


**WATERLOO  
SOLAR**



MEI 2021  
**NUUSBRIEF**

## LOOPBAANVOORLIGTINGSPROJEK BY PLAASLIKE HOËRSKOLE

Graad 9-leerlinge van ses skole in die Naledi Plaaslike Munisipaliteit het onlangs loopbaanvoorligtingswerkswinkels bygewoon om hulle te help om die regte toekomsbesluite te neem. Die werkswinkels is deur Waterloo Solar moontlik gemaak en deur Nzalo Careers aangebied.

Die projek het in Maart afgeskop en help om leerlinge met die nodige kennis, insig en vaardighede toe te rus om die regte vakkeuses in Graad 10 te maak. Die regte vakke sal help om hulle beter vir hul toekomstige loopbane voor te berei.

Die werkswinkels het verskeie onderwerpe gedek. Leerlinge is onder meer geleer hoe om hulself te leer ken, hoe vakkeuses by hul loopbaankeuses aansluit en hoe om vir 'n toekomstige loopbaan te beplan en voor te berei. Vir leerlinge om die regte vakkeuses te maak is dit noodsaaklik dat hulle eers hulself ken en weet waar hul belangstellings lê. Die vakkeuses wat hulle vandag neem sal ook help om hulle vir toekomstige loopbane voor te berei. Leerlinge is ook met vaardighede toegerus om hulle te help om hul loopbaan en opleiding stap-vir-stap te beplan.

Leerlinge van Bopaganang Sekondêre Skool, Colinda Sekondêre Skool, John Frylinck Sekondêre Skool, Ncunde Sekondêre Skool, Rekgarathhile Sekondêre Skool, en Pule Leeuw Sekondêre Skool het die werkswinkels bygewoon.

Nzalo Careers, 'n maatskappy wat loopbaanvoorligting bied, sal voortgaan om met behulp van WhatsApp en ander sosiale media platforms met leerlinge wat verdere bystand nodig het te kommunikeer en hulle te help. Dit sal verseker dat leerlinge genoeg bystand het om hul akademiese doelwitte te bereik.

Leerlinge het baie positief gereageer met talle wat hul dank betuig het oor hierdie geleentheid.



### GEBRUIK DIË SES STAPPE OM JOU HANDE TE WAS

Die Departement van Gesondheid beveel aan dat hande vir 20 sekondes gewas word om sodoende die verspreiding van die koronavirus te vertraag.



1 Gebruik seep



2 Vryf jou handpalms teen mekaar met vingers



3 Vryf die punte van die vingers



4 Vryf die gewrigte



5 Spoel jou hande onder die kraan af



6 Droog jou hande deeglik af

#### BLY VEILIG

#CoronaVirus  
[www.nicd.ac.za](http://www.nicd.ac.za)  
[www.health.gov.za](http://www.health.gov.za)

Suid-Afrikaanse COVID-19  
Hulpbronportaal:  
[www.sacoronavirus.co.za](http://www.sacoronavirus.co.za)



[waterloosolar.co.za](http://waterloosolar.co.za)



[info@waterloosolar.co.za](mailto:info@waterloosolar.co.za)



Like ons Facebook blad | [RenewEnergyCo](https://www.facebook.com/RenewEnergyCo)

# TOPPRESTEERDERS VAN 2020 VEREER

Die Naledi Plaaslike Munisipaliteit se toppresteerders is tydens 'n prysuitdeling in Maart vir hul akademiese prestasies vereer.

Buiten sertifikate het Graad 12-leerlinge wat presteer het ook skootrekenaars ontvang om akademiese uitnemendheid te vereer.

Die prysuitdeling vorm deel van Waterloo Solar se sosio-ekonomiese-ontwikkelingsprogram wat ten doel het om akademiese uitnemendheid te bevorder. Erkenning word ook gegee aan die rol wat skoolhofde en onderwysers speel om leerlinge vir die toekoms te slyp.



Katlego Danster, een van die toppresteerders, ontvang 'n toekenning tydens die prysuitdeling.

## STUDIEBEURSPROGRAM

Leerlinge van die Naledi Plaaslike Munisipaliteit is aan die einde van 2020 aangemoedig om vir studiebeurse vir 2020 aansoek te doen.

Dit is die eerste jaar wat Waterloo Solar studiebeurse aan belowende jong studente van die plaaslike gemeenskap toeken. Aansoeker is aan 'n streng keuringsproses onderwerp. Dit is vir ons aangenaam om aan te kondig dat studiebeurse aan die volgende studente toegeken is:

- Katlego Bosman
- Lentikile Pheipha
- Oitsile Mongala

Die beurse sluit studiegelde, verblyf, handboeke en 'n maandelikse toelaag in. Die studiebeursbegunstigdes het vanjaar ook skootrekenaars ontvang om hulle met hierdie nuwe avontuur in hul lewens te help.

## ONTMOET ONS NUWE GEMEENSKAPSKAKELBEAMPTO



Claire Phutieagae is as die gemeenskapskakeelbeampte vir die Waterloo Solar-projek aangewys.

Claire glo dat sy as deel van haar werk kwessies wat omliggende dorpe raak moet verstaan sodat sy holistiese bestuursinisiatiewe kan formuleer.

*"I understand the context from which the community functions and the kind of programmes that can assist our beneficiary communities."*



**Katlego Bosman** van Vryburg (matrikulant van Colinda Sekondêre Skool) studeer met behulp van 'n studiebeurs van Waterloo Solar vir 'n B.Ed-graad in Onderwys (Sekondêre Fase en Verdere Onderwys en Opleiding Fase) aan die Universiteit van die Vrystaat.



## 2021 GEMEENSKAPSVERGADERINGS

Besonderhede oor die volgende gemeenskapsvergaderings sal op Waterloo Solar se aanlynplatforms aangekondig word, aangesien geen vergaderings van aangesig tot aangesig tydens die nasionale uitsluiting toegelaat word nie.

## KWARTAALLIKSE UITEENSETTING

■ Onderwys

100%

## KONTAK ONS

### Kantoorure

09h00-17h00 Maandae tot Vrydae

### Gemeenskap Skakelbeampte

Claire Phutieagae

066 255 5815

claire.phutieagae@eimsafrica.com



waterloosolar.co.za



info@waterloosolar.co.za



Like ons Facebook blad | RenewEnergyCo